# SONDAGSKOOL LES: Die Bybel is – Die Swaard van die Waarheid

**Doel van les:**

- Vyfde les in ons reeks oor die Bybel. Kinders gaan in hierdie les leer dat die Bybel God se woord is en dat ons nodig het om die Bybel te lees omdat dit ons die waarheid leer. Hierdie reeks is aangepas uit Kids Sunday School Place.

**Ysbreker: Swaard speletjie:** Kry 'n houer waarin jy so tien plastiekmessies sit, elkeen met 'n ander teksvers opgeskryf. Sorg dat elke groep ten minste een Bybel het.

**Sê:** In die Bybel se tyd het die Romeinse soldate 'n redelike kort swaard gehad in vergelyking met hul vyande sin. Dit was omtrent net 50cm lank. Die soldate het dit aan hul regtersy gedra en kon dit vinnig uitruk met hulle regterhand. Hierdie Romeinse swaard is tot vandag toe steeds baie bekend en word onthou as die "swaard wat die wêreld verower het" omdat dit so vinnig en effektief was om vyande aan te val en dood te maak.

Vandag het ek 'n houer met "swaarde" wat ek gaan uittrek en lees. Dit het teksverse op en sodra ek dit gelees het, moet julle die verse so vinnig as jul kan opsoek in julle Bybels. Die een wat eerste die vers lees wat ek getrek het, wen die rondte.

Lysie van teksverse wat op die messies geskryf kan word:

- Rut 1:16, Lukas 1:50, Jesaja 12:6, Psalm 31:15, Eksodus 11:9, Johannes 1:1, Romeine 5:8, Miga 7:20, Josua 1:8, Handelinge 2:17

Het julle al ooit gehoor hoe iemand die Bybel as die Swaard beskryf? Dit kan dalk klink na 'n snaakse vergelyking aangesien 'n swaard skerp is en gebruik word om mee te baklei. Wel die Bybel is ook skerp en die Bybel word gebruik om geestelik te baklei in 'n geestelike oorlog. Die Woord van God bevat die waarheid en die waarheid is skerper as enige tweesnydende swaard. Wanneer mense die waarheid hoor moet hulle 'n besluit neem of hulle die waarheid gaan aanvaar of daarteen gaan veg. Om teen die waarheid te veg, is nogals moeilik en soos die engelse uitdrukking sê, gaan dit eintlik maar 'a losing battle' wees.

**Groepwerk: Lees die volgende teksverse en beantwoord die vrae:**

**Johannes 20:31**

1. Hoekom is die Bybel geskryf volgens hierdie vers? (Sodat mense kan glo dat Jesus die Christus, die Seun van God is.)
2. Wat gebeur met iemand wanneer hulle glo? (Hulle kan lewe hê in sy Naam.)

**Efésiërs 6:17**

1. Hoe word die Bybel in hierdie vers beskryf? (Die Swaard van die Gees.)

**Hebreërs 4:12**

1. Hoe word die Bybel beskryf in hierdie vers? **(**Lewend, kragtig, skerper as enige tweesnydende swaard.)
2. Wat beteken dit dat die Bybel beskryf word as lewend en kragtig. (Dit kan altyd lewens verander en is altyd waar.)
3. Wat doen die Bybel? (Die Woord van God dring deur na ons harte en gedagtes en beoordeel wat daarin leef.  Of dit goed of sleg is.)

**2 Timótheüs 4:1-5**

1. Wat moet ons doen met God se Woord? (Ons moet dit met ander deel.)
2. Sal daar mense wees wat die waarheid verwerp? (Ja.)
3. Wat moet ons doen wanneer dit gebeur? (Geloof behou en aanhou om te verkondig)

As iemand vir julle sê bring jou Swaard saam, sal jy nou weet wat dit beteken?  Dis reg, hulle bedoel jou Bybel.  Dit is die Swaard van die Waarheid, want God se Woord is die Waarheid.  Ons het nodig om te weet wat die Bybel sê om die waarheid te ken.  In Johannes 8:31-32 sê Jesus: "As julle in My woord bly, is julle waarlik My dissipels.  En julle sal die waarheid ken en die waarheid sal julle vrymaak."

As ons vrygemaak word deur die waarheid te ken, dink net wat dit vir ander sal doen wanneer ons dit met hulle deel.

Sluit af met gebed in groepe.